Huiskerk
Quellerina Gemeente

21 Emosies

# Eensaamheid

## Psalm 22

*Eensaamheid is 'n gevoel van emosionele isolasie wat gewoonlik bedmaats is met hartseer en selfs depressie. Jy voel jy is afgesny van God, dat jy geen kontak met Hom het nie.*

*Daar is net een Mens wat werklike eensaamheid geken het: Jesus Christus (Markus 15:34)*

*Onthou, al voel dit vir jou of jy van God afgesny is, daar is 'n verskil tussen wat jy "dink" en "voel" en wat regtig "is".*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?*

*Waarom beleef jy daardie emosies?*

**Notas**

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# 21 Emosies

## Eensaamheid

Hoe kan ou herinneringe (v3-5)bydra tot eensaamheid?

Om gespot te word (v 6-8, 12-13) kan mens ook tot self isolasie en eensaamheid dryf. Hoe dra dit by tot eensaamheid in die lewe van iemand wat jy ken?

Kan fisiese seer (v14-18)bydra tot eensaamheid?

God het ons sy teenwoordigheid gegee(v19). Hoe ondersteun hierdie gedagte jou as jy eensaam voel?

God het ons sy kerk gegee (v22) om ons in ons eensaamheid by te staan. Hoe kan ons mekaar bemoedig en ondersteun?